

Kategese: 25 Oktober 2026

Junior Kategese: Voorskool – Graad 6

Voorskool: Tydens die erediens in die ou moederskamer in die kerk.

Groei-goggas: Groen vir groei.

Daniël in die leeuuil.

Wat as iemand vir jou sê dat jy nie meer mag bid

nie? Jy mag nie meer die Here dien nie. Hoe bid jy dan en wat doen jy? Die

verhaal van Daniël is nie 'n maklike verhaal nie, maar dit help ons om te

weet dat die Here ons ook in moeilike omstandighede help. Daniël het die Here bly dien, maak nie saak wat met hom gebeur het nie. Hy het aanhou bid. Sondag sal ons hoor watter soort uitwerking sy gebed gehad het.

1 Tessalonisense 5:17: "**Bid gedurig.**" En Jakobus 5:16 "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."



Kategeet: Rona van Zyl (082 339 1362)

Graad 1-6: Tydens die erediens in die kerkzaal.

My Blink ID: "Labels" Ek is 'n geur!

Om 'n kind van die Here te wees het sulke kleurryke "**Labels**" soos – Jy is **Vrug**; jy is **Lig** en jy is 'n **Brief**. Die volgende **Label** is anders. Dit word eerder ervaar as wat dit gesien word. Gistermiddag was ons gou by ons dogter se huis. Ons stap die vierkant binne en word oorweldig deur die lieflike geur. Ons wonder hardop wat so lekker ruik en sy neem ons om na agter waar die Jasmyn teen die muur oprank met letterlik honderde wit blommetjies wat die lug vul met 'n asemrowende geur. Hoe kan ons sonder om iets te sê, kind van die Here wees, dat ander mense bewustelik ervaar dat ons lieflik anders is. Sondag praat ons oor die geur van Christus wat ons versprei. 2 Korintiërs 23:14b,15 "...deur ons versprei Hy (God) die kennis van Christus oral soos 'n **aangename geur**. Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die **geur** dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan."

Kategeet: Ds Werner Schultz (084 645 1173)

Senior kategese: Graad 7 – 12

Die senior katkisanter kom elke Sondag na die erediens (behalwe skoolvakansies en langnaweke – sien kerkkalender in dié verband), in die **konferensiekamer**, in die kerkzaal byeen.

Kategeet: Gideon Muller (083 236 9869)

Kategeet: Ds Willem Sauer (071 674 1675)